# Geopende *Deure* GEBEDSKALENDER

BID VIR AFRIKA



Verteenwoordigende foto gebruik.

Ons het jou gevra om vir Shiden* (in sy 30's) te bid, wat vir meer as ŉ dekade in die tronk in Eritrea was vir sy geloof en wat ná sy vrylating aan depressie gely het.

Sy broer, John*, het met ons gedeel: *"God se genade is eindeloos. Hoewel dit nie vir hom maklik was nie, het Shiden al baie ver gekom. Deesdae bemoedig hy my deur my te herinner aan die storie oor die vaders van geloof in Hebreërs 11. Hy sê: 'Ek sal die Here dien totdat ek doodgaan; ek wil die Here vir die res van my dae dien; ek wil ook ŉ held van die geloof wees en eendag in die toekoms die kroon van geregtigheid ontvang wat op my geplaas word, wat die Here op daardie dag aan my sal gee."*

*"Die gebede van die regverdige het ŉ kragtige uitwerking,"* het John gesê. *"Hou asseblief aan om vir hom te bid. Ek glo God sal voortgaan om Shiden te help."*

# MEI

### 1 Geopende Deure-vennote en werkers in Afrika
Bid vir ons vennote en werkers in Afrika en verder, wat daagliks antwoord op die roeping om ons vervolgde familie te dien. Bid vir krag, voorsiening en beskerming, veral in lande waar dit gevaarlik is om by ons werk betrokke te wees.

## Ramadan Eindig

### 2 Afrika-lande met gewelddadige vervolging
Gewelddadige vervolging ontwikkel dikwels in lande wat sukkel met dinge soos beperkte hulpbronne weens klimaatsverandering, politieke onstabiliteit of ontevredenheid oor etniese marginalisering. Bid vir wysheid vir die regerings om hierdie kwessies te hanteer.

### 3 Regerings
In hul stryd teen verskerpte djihad-geweld is die regerings van lande soos Burkina Faso, Nigerië en Mosambiek dikwels skuldig aan menseregteskendings. Bid dat dié regerings maniere sal vind om hul burgers te beskerm, terwyl hulle ook mense se regte respekteer.

### 4 Leiers in Afrika
Djihad volg dikwels kort na ŉ ineenstorting van demokrasie. Bid dat die Here leiers in Afrika sal vestig wat toegewyd is aan demokrasie en om reg op te tree teenoor die mense wat hulle lei.

### 5 Professionele mense in Afrika
Bid dat die Here Christen-joernaliste, -prokureurs en -politici sal vestig wat ŉ verskil op die politieke en wetlike terrein in Afrika-lande kan maak. Mag hulle sout en lig wees in werksgebiede wat tradisioneel deur baie Christene as onvanpas vir gelowiges gesien word.

### 6 Liggaam van Christus
Bid dat die Here sal voortgaan om Sy Kerk in Afrika uit te bou, ten spyte van daadwerklike pogings om dit te vernietig. Bid dat die Here hoop sal bring te midde van die moeilike omstandighede wat slagoffers van geweld verduur, en dat Hy in hulle geestelike en fisiese behoeftes sal voorsien.

### 7 Christen-leiers
Bid vir wysheid en ŉ gevoel van dringendheid by pastore terwyl hulle hul gemeentes voorberei om vas te staan in hul geloof en dit beter te verstaan, asook hulle leer om nader aan Christus te leef en om hul getuienisse met hul ongelowige bure te deel.

### 8 Christen-mans
Bid dat ontwortelde Christen-mans in Afrika hulle uitsluitlik na die Here sal wend vir hulp terwyl hulle druk ervaar om vir hul families te voorsien. Bid dat hulle te midde van die uitdagings leiding aan hul families sal gee oor fisiese en geestelike kwessies.

### 9 Christen-vroue
Jong Christen-vroue is dikwels teikens vir ontvoering deur terroriste, soos met die ontvoering van die Chibok-meisies, Leah Sharibu, Alice Ngadah en baie ander. Bid vir die Here se beskerming oor vroue in Afrika.

### 10 Jeug
Bid vir die Kerk om ŉ alternatief te bied vir jeugdiges wat arm, ontnugter en gefrustreerd is deur hulle omstandighede. Bid dat die Kerk in staat sal wees om die jeug te lei tot ŉ dieper begrip van hul geloof.

## 11 Weduwees en weeskinders

Bid dat dié wat weens ekstremistiese geweld as weduwees en weeskinders agtergelaat is, vrede en genesing in Christus sal vind. Bid dat hulle die Here se voorsiening in al hul behoeftes sal ervaar, hetsy fisies of geestelik.

## 12 Impak van Covid-19 op Afrika-lande

Baie lande in Afrika het al voor Covid-19 onder armoede en ŉ sukkelende ekonomie gebuk gegaan. Bid dat die Here hierdie lande se ekonomieë weer sal herstel terwyl hulle die impak van Covid-19 voel.

## 13 Niger

In die suidwestelike dorpie Bomoaga lewe die bevolking in voortdurende vrees vanweë ŉ toename in geweld en ontvoerings die afgelope jare. Bid vir beskerming vir die mense en dat die regering ŉ manier sal vind om die geweld te beëindig.

## 14 Nigerië

Vandag word Leah Sharibu 19 jaar oud. Sy is vier jaar gelede, ŉ paar maande voor haar 15de verjaardag, deur Boko Haram ontvoer. Waar sy nou ŉ jaar ouer word, bid vir ŉ deurbraak vir haar, hereniging met haar familie en dat die Here voortdurend by haar sal wees.

## 15 Burkina Faso

Dank die Here dat Hy vir Martine beskerm het en haar geloof sterk gehou het nadat Islamitiese militante haar man en ander familielede vermoor het. "Hou asseblief aan om te bid dat die opleiding wat ons gekry het, die las in ons harte sal ligter maak en ons wonde sal genees."

## 16 Algerië

Verlede jaar het die Kerk baie druk ervaar van die owerhede, wat probeer het om hul groei te stuit, asook van die vernietigende veldbrande en Covid-19. Waar ons alreeds ver in 2022 is, bid dat die Kerk teen die einde van hierdie jaar sal kan terugkyk op God se wonderwerke.

## 17 Libië

Gelowiges in Libië is bang om bymekaar te kom. Bid dat hulle maniere sal vind om bymekaar te kom en in hul geloof te groei. Bid dat nuwe gelowiges diep in hul geloof gewortel sal word.

## 18 Marokko

Imen* is uit haar huis geskop oor haar geloof in Jesus, terwyl Ahmad* na ŉ ander stad moes verhuis vanweë die druk van mense rondom hom omdat hy ŉ Christen is. Bid vir krag vir beide dié Marokkaanse gelowiges.

## 19 Tunisië

Hada* is lief vir haar familie, maar sy is ook lief vir Jesus en smag daarna dat haar familie Hom ook sal liefhê. Ongelukkig ervaar sy dikwels vervolging van hulle oor haar geloof. Bid dat Hada se geloof ten spyte van haar beproewings sal groei en dat haar familie Jesus sal leer ken.

## 20 Sub-Sahara Afrika

Bid dat die Here sal voortgaan om in die harte van gelowiges wat gewelddadig vervolg word, ŉ begeerte te vestig om steeds die goeie nuus van Christus met hul vervolgers te deel. Bid vir wysheid vir regerings in dié streek terwyl hulle ekstremiste groepe moet hanteer.

## 21 Demokratiese Republiek van die Kongo

Vroeër vanjaar is Christene wat bymekaar-gekom het vir ŉ aanddiens trompop geskiet. Tien is dood. Hou asseblief aan om vir families wat geliefdes verloor het te bid terwyl hulle probeer om die stukkies van hul lewens weer aanmekaar te sit.

## 22 Oos-Afrika
Prys God vir Sy getrouheid en dat so baie gelowiges in Oos-Afrika getrou onder Moslem-gemeenskappe evangeliseer. Bid dat hulle pogings baie vrug vir God se Koninkryk sal dra.

## 23 Kenia
Jaali is een van die hoogste gekwalifiseerde onderwysers in sy streek, maar hy sukkel om werk te kry weens sy geloof. Bid vir 'n werk vir Jaali en vir beskerming vir sy vrou, Zawadi, en hulle kinders, waar hulle nou apart woon terwyl hy werk soek.

## 24 Wes-Afrika
Bid vir pastore in Wes-Afrika, wat in uiterste onsekerheid en gevaarlike omgewings bedien. Bid vir hul beskerming en dat die Here aan hulle die nodige wysheid en onderskeidingsvermoë sal gee wanneer hulle bedien.

## 25 Mosambiek
Lorena* is een van duisende wat in noordelike Mosambiek ontwortel is. Haar man en baie ander mans is gewelddadig vermoor toe rebelle hulle dorpie aangeval het. Bid dat God al hulle emosionele wonde sal genees en hulle met Sy vreugde sal vul.

## 26 Eritrea
Dit is hierdie maand 20 jaar sedert die regering alle kerke (behalwe die Ortodokse, Katolieke en Evangeliese Lutheraanse Kerke) gesluit het en honderde kerkleiers in die tronk gegooi is. Bid dat hulle God se genade en teenwoordigheid sal ervaar.

## 27 Mali
Dank die Here vir die teenwoordigeheid van Sy Kerk in Mali. Namate die invloed van radikale Islamitiese ideologieë groei en die eensgesindheid waarvoor Mali beny is verbrokkel, bid dat die Kerk sal voortgaan om dapper elke geleentheid te gebruik om die samelewing te bereik.

## 28 Somalië
Somaliese gelowiges ervaar intense isolasie. Bid dat hulle God se vertroosting sal ervaar en dat hulle maniere sal vind om in hul geloof te groei. Bid dat God Christelike rolmodelle onder Somaliese gelowiges sal vestig.

## 29 Ethiopië
Oorloë, sprinkaanplae, droogtes en politieke onstabiliteit veroorsaak baie onsekerheid en maak die Kerk 'n maklike teiken. Bid vir wysheid vir die eerste minister, Abiy Ahmed, en sy regering terwyl hulle na volhoubare oplossings soek om hierdie kwessies aan te spreek.

## 30 Soedan
In die samelewing word Christene, veral dié vanuit 'n Moslem-agtergrond, as tweedeklasburgers behandel en deur hul families en die samelewing op die kantlyn geskuif. In sekere gebiede is hulle teikens vir geweld. Bid dat hulle te midde van hierdie uitdagings sal voortgaan om in hul geloof te groei.

## 31 Guinea
In Guinea het 'n klein Fulani-gemeenskap die Evangelie gehoor en Christus as hul Redder aangeneem. Prys die Here vir hul saligheid. Bid dat, terwyl hulle uitdagings verduur om bymekaar te kan kom, die Here hulle van 'n plek sal voorsien waar hulle Hom saam kan aanbid.

*Name is vir sekuriteitsredes verander.

# JUNIE

## 1 Geheime gelowiges in Sentraal-Asië

Bid vir leiers van die ondergrondse, ongeregistreerde huiskerke, soos Azamat*, wat gedreig en psigologies mishandel is nadat die polisie ŉ paar jaar gelede ŉ klopjag op sy kerk uitgevoer het. Prys die Here dat hy uiteindelik beter doen en weer normaal kan funksioneer.

## 2 Kazakstan

Vroeër die jaar is Kazakstan skielik oral in die wêreldnuus nadat die regering bedank het. Bid dat die Kerk in hierdie nuwe seisoen sterker sal wees en in staat sal wees om God se liefde te betoon aan dié wat dit nodig het.

## 3 Bangladesj

Bid vir die beskerming van gelowiges, veral Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond wat alleen woon en geheime gelowiges is. Bid ook dat hulle verseker sal wees van hul saligheid en dat hulle geestelik in Jesus Christus sal groei.

## 4 Maledive

*Human Rights Watch* het vanjaar die Maledive-regering aangeraai om pogings te prioritiseer om die regbank te verander en die endemiese korrupsie te stuit. Bid dat die regering sal ag slaan op die raad van *Human Rights Watch* vir ŉ meer vreedsame lewe vir almal in die Maledive.



Azamat* (in sy 40's) is ŉ ondergrondse kerkleier in Sentraal-Asië wat ons vier jaar gelede ontmoet het. Op ŉ dag het die polisie ŉ klopjag op ŉ kerkdiens uitgevoer terwyl hy weg was. Kort ná die klopjag is Azamat daagliks na die polisiestasie ontbied, waar hy ondervra en psigologies mishandel is. Dit was ŉ lang proses, maar Azamat het stelselmatig ná die ontberings na ŉ "normale lewe" teruggekeer. Hy het begin herstel danksy die ondersteuning en gebede van baie mense, insluitend sy bediening, familie en kerk.

*"Sê asseblief vir die mense wat bid dat ons hul gebede kan aanvoel. Soms, wanneer ek in moeilike omstandighede is, dink ek: 'Hierdie is die einde.' Maar dan skielik voel ek dat iemand na my omsien. En dan weet ek dat iemand vir my bid,"* sê Azamat.

## 5 Sri Lanka

ŉ Bejaarde paartjie wat na Christenskap bekeer het, het al die maatskaplike sorg en ander subsidies verloor wat aan bejaardes in hul dorpie gegee word. Bid vir God se voorsiening en dat Hy mense sal voorsien wat na hulle kan omsien.

## 6 Indonesië

In die laaste jaar het al meer jongmense tussen 17 en 18 jaar in Indonesië tot Christenskap bekeer. Bid vir God se wysheid, moedigheid en genade oor hierdie jong Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond terwyl hulle Jesus volg.

## 7 Viëtnam

Prys die Here vir die Koeibank-projek, wat daarop gemik is om Christen-families te help om hulle eie huise te bou, in ŉ plaas te belê, hul kinders skool toe te stuur, kos op hul tafels te sit en hul tiendes te kan gee. Bid dat ons vennote in staat sal wees om hierdie projek uit te brei.

## 8 Laos

Baie gelowiges loop die risiko om uit hulle huise gesit te word deur diegene wat Christene haat. Bid dat die Here sal voortgaan om hierdie gelowiges en gelowiges wat uit hul huise gesit is omdat hulle in Jesus glo, se geloof te versterk.

## 9 China

Die Chinese regering gaan voort om die openlike verkondiging van geloof te beperk en om alle godsdienste te dwing om in lyn te kom met Chinese sosialisme. Bid dat die Kerk alternatiewe maniere sal vind om hul verhouding met die Here te laat groei, ten spyte van die beproewings.

## 10 Sri Lanka

Sharifa (21) gaan in die geheim kerk toe. Haar familie plaas voortdurend druk op haar om terug te keer na Islam. Bid vir ŉ onwrikbare geloof vir Sharifa en baie ander jong bekeerlinge wat weens hul geloof deur hul families vervolg word.

## 11 Algerië

Bid vir krag en wysheid vir kerkleiers terwyl hulle kerke te midde van die druk lei. Dit is moeilik om die regte keuses te maak. Bid ook vir gelowiges op wie die druk in hul daaglikse lewens van die owerhede en individuele vervolgers sy tol eis.

## 12 Vervolgingsondag

Terwyl ons die begin van die vervolging van die vroeë Kerk herdenk, bid vandag vir Geopende Deure Suider-Afrika vir ons aanlyn-geleentheid en waar ons in kerke praat oor hierdie dag en die huidige toestand van ons vervolgde familie regoor die wêreld. Mag dit ŉ geseënde dag wees waar die Woord van God versprei word.

## 13 Irak

Die misdade van die Islamitiese Staat eggo ná sewe jaar steeds deur die land. Bid dat, terwyl baie die trauma verwerk wat hulle aan die hand van die Islamitiese Staat verduur het, hulle sal vasklou aan die hoop wat hulle in Christus het en dat hulle van Sy goedheid sal kan getuig.

## 14 Sirië

Baie gelowiges regoor die wêreld bid al vir elf jaar dat die oorlog en uitwerking daarvan tot ŉ einde sal kom. Hou asseblief aan om saam met ons familie in Sirië in gebed te volhard en bid vir die oorlog om beëindig te word.

## 15 Libanon

Die mense in Libanon is in ŉ droewige situasie. Ekonomies gaan dit baie moeilik. Die oorloë in die streek (meestal Irak en Sirië)



Bid dat die Heilige Gees regoor die wêreld in die lewens van jongmense sal werk.

(Libanon vervolg)

het tot ŉ groot aantal vlugtelinge in die land gelei. Bid vir ŉ goeie en betroubare regering te midde van hierdie moeilike omstandighede.

### 16 Jeug wêreldwyd

Vandag herdenk ons land die Soweto-jeugopstand van 1976. Bid saam met ons vir die jeug in Suid-Afrika en regoor die wêreld, wat verskeie uitdagings in ŉ veranderende samelewing ervaar. Bid dat die Heilige Gees in hul lewens sal werk en hulle sal help om hierdie veranderings te bestuur.

### 17 Nigerië

Dank die Here vir pastoor Andrew se liefde vir sy kudde en sy getroue bediening. Loof die Here dat Hy Sy Kerk in Nigerië onderhou, afgesien van die wreedaardige vervolging wat hulle verduur. Bid dat Hy die Kerk sal toerus met meer mense soos pastoor Andrew.

### 18 Tunisië

Bid dat die Here vir Belhsen* sal bemoedig, wat na ŉ ander deel van die land verhuis het om die Evangelie te verkondig. Hy is erg vervolg in die nuwe gebied en moes na sy ou stad terugkeer. Hy is baie ontmoedig deur al die ontberings.

### 19 Libië

Daar is nie baie gelowiges in Libië nie en dié wat tot geloof kom, tel dikwels probleme op – soos Maha*, wat weens haar geloof huweliksprobleme het. Bid vir haar vir ŉ oplossing.

### 20 Palestynse Gebiede

Bid vir priesters en pastore wat wysheid en krag nodig het om hul mense te bedien, veral terwyl die las op leiers baie swaar is, omdat baie worstel met die verlies aan werk en inkomste. Bid dat hulle Jesus se belofte om hul laste te dra sal ervaar.

## 21 Mianmar

Bid vir die geestelike genesing van die emosionele letsels van gelowiges, wat die verlies aan families, tuistes, lewensbestaan en kerke ervaar het toe hulle in die burgeroorlog ontwortel is.

## 22 Suidelike Filippyne

"Ek kan julle nie meer bedank vir julle hulp aan ons stamgroep nie," se Ameer*, wat ŉ *Natural Farming*-seminaar van Geopende Deure bygewoon het. Bid dat hierdie seminare families sal help om in hul daaglikse behoeftes te voorsien terwyl hulle kennis opdoen.

## 23 Noord-Korea

Ondergrondse Christene is baie bly oor die voorrade wat hulle ontvang het. Bid dat die ondersteuning van broers en susters wêreldwyd deur God se hande tot buitengewone hulp vir Christene in Noord-Korea sal lei.

## 24 Maleisië

Oudiobybels het ŉ reuse impak gemaak op diegene wat ongeletterd is of nie ŉ Bybel in hul eie taal het nie. "Dit help regtig, want ek kan nie lees nie," vertel Sawai*. Loof die Here hiervoor. Bid dat baie gelowiges in hul geloof sal groei deur na die Bybels te luister.

## 25 Indië

Bid vir die Covid-19-situasie in die land – talle mense het nog die virus onder lede en baie mense word ekonomies geraak. Bid veral vir diegene wat al voor Covid-19 ekonomies gesukkel het, en dat God in hul behoeftes sal voorsien.

## 26 Laos

In Mei 2021 is Bongyang* en Faxai* valslik daarvan beskuldig dat hulle nie voldoen aan Covid-19-regulasies tydens ŉ kerkdiens nie. Teen druktyd was Bongyang steeds in die tronk, en niemand weet waar Faxai is nie. Bid dat die paar weer met mekaar en hul sewejarige seun versoen sal word.

## 27 Pakistan

Vroeër vanjaar is twee priesters dood in ŉ geteikende aanval. Hulle het die Kerk na ŉ byeenkoms verlaat en is toe geskiet. Bid vir die veiligheid van alle gelowiges, veral diegene wat op die teikenlys is van die aanvallers wat die priesters vermoor het.

## 28 Burkina Faso

Dank God vir die geleentheid wat ons span gehad het om Salamata te ontmoet, wie se kerk deur jihadiste aangeval is, en dat sy steeds aanhou om God se versorging raak te sien. Bid dat sy sal aanhou om die Here se hand in haar lewe te sien te midde van baie uitdagings.

## 29 Nigerië

Dank die Here dat Hy Charity se geloof onderhou deur die trauma van Boko Haram se aanval op haar dorp. Dank Hom vir Sy voorsiening in haar en haar familie se lewens, en bid dat hulle sal voortgaan om Sy versorging in hul lewens raak te sien.

## 30 Colombië

Deur twee nasionale hoofkantore naby die Kindersentrum te hê, help ons om die twee ontwikkelingspanne met mekaar te integreer. Bid vir wysheid en goeie strategieë. Mag God ons aanhou help om die sentrum te ontwikkel sodat gelowiges in die vervolgde Kerk opgelei kan word.

*Name is vir sekuriteitsredes verander.



Ons is al halfpad deur 2022. Dié is ons gebed vir julle, ons vennote en ons vervolgde familie:

Vader, waar ons aan die begin van die twee helfte van die jaar staan, bring ons vandag ons vennote en vervolgde familie voor U. Here, waar hulle mag swaarkry of seer hê weens hul lewensomstandighede, mag U vandag die vreugde van hul verlossing in hulle herstel.
Vir die res van die jaar bid ons dat, waar die vyand wil verwoes, U sal opbou. Waar hy streef om gesondheidsuitdagings te skep, sal U krag gee. Waar hy pyn wil veroorsaak, sal U vreugde gee. Rig hul voetstappe, Vader, en waar dit voel of daar geen pad is nie, mag U ŉ weg baan en hulle dra deur die seisoen wat hulle in die gesig staar. In die Naam van Jesus. Amen.

# JULIE

### 1 Leierskap: Geopende Deure Suider-Afrika
Ons leierskap begin vandeesmaand met die beplanning en begroting vir volgende jaar. Bid vir wysheid en leiding namate hulle ons deur die res van die jaar lei en vir hul planne om die vervolgde Kerk in die komende jaar te dien

### 2 Geopende Deure Suider-Afrika
Hou asseblief aan om ons bediening in jou gebede op te dra, waar ons ons geloofsfamilie dien. Bid vir ons personeel vir krag en vir die Here om in ons behoeftes te voorsien, terwyl ons streef om aan die behoeftes van ons vervolgde familie te voldoen.

### 3 Ons vennote in Suidelike Afrika
Loof die Here vir elkeen van julle wat ons vervolgde geloofsfamilie met gebede en ondersteuning bystaan. Bid saam met ons dat die Here sal aanhou om julle in hierdie jaar te beskerm en in te tree vir julle, ons vennote. Mag Hy julle lei in wat ook al julle in die gesig staar.

### 4 Sirië
Die Kerk van Gelowiges vanuit ŉ Moslem-agtergrond brei vinnig uit. Meer as 100 Christene is gedurende 2021 in die geheim gedoop. Bid vir hul beskerming en dat die Kerk geseënd, vrugbaar en veilig sal wees.

### 5 Irak
Talle Irakese woon in buurlande. Dikwels wil hulle net vergeet wat met hulle gebeur het. Bid vir die genesing en herstel van trauma en hartseer ervarings. Bid dat hulle ware vrede in Jesus Christus sal vind.

## 6 Libanon
Prys God vir die genade in Libanon, soos gebare waar Libanese burgers skole oprig vir Siriese vlugtelingkinders, afgesien van dié lande se geskiedenis. Bid dat die twee gemeenskappe liefde – geïnspireer deur Jesus – in die plek van haat sal versprei.

## 7 Palestynse Gebiede
Bid vir ons broers en susters wat hulself met volharding toewy om te help en ondersteun, en vir ander in te tree. Hulle het daaglikse bemoediging van die Heilige Gees nodig, asook God se genade en beskerming om aan te hou werk in ŉ omgewing van ongeregtigheid, armoede en onstabiliteit.

## 8 Marokko
Fatima*, ŉ gelowige, is deur haar pa uit die universiteit verwyder omdat hy haar bewegings wil dophou en wil verhoed dat sy met ander gelowiges meng. Bid vir wysheid vir Fatima in hierdie tyd en vir die Heilige Gees om haar bron van krag en bemoediging te wees.

## 9 Egipte
Die pandemie, met die bykomende druk op ouers, het ŉ toename in egskeidings veroorsaak. Ons glo egter in God se genade en wysheid. Hy sal dinge laat uitwerk. Bid vir genesing en versoening onder families wat in die laaste jaar uitmekaar is.

## 10 Nepal
Lugbesoedeling in die Kathmandu-vallei het vererger. Bid dat God die mense, veral kinders, sal beskerm teen siektes wat in die lug oorgedra word.

## 11 Arabiese Skiereiland
Arabiese Moslems hunker daarna om die



Bid dat Arabiese Moslems die krag van God sal sien in die lewens van die Christene wat tussen hulle woon en vir hul oë om oop te gaan.

Verteenwoordigende foto gebruik.

(Arabiese Skiereiland vervolg)
krag van Allah in hul lewens te sien deur wonderwerke, genesings, drome, visioene en seëninge. Bid dat Arabiese Moslems die krag van God sal sien in die lewens van die Christene wat tussen hulle woon en vir hul oë om oop te gaan.

### 12 Sri Lanka
Die land se ekonomie is onbestendig. Baie mense sukkel om te oorleef, veral diegene uit lae-inkomste huishoudings. Die meeste gelowiges in brandpunte van vervolging kom uit landelike gebiede. Bid dat die land se ekonomie sal verbeter.

### 13 Bangladesj
Bid vir al die denominasies en Christen-gemeenskappe in Bangladesj om mekaar op te bou om ŉ vreedsame en veilige gemeenskap te skep, sodat selfs nie-gelowiges geraak sal word en die liefde van Christus kan leer ken.

### 14 Kirgistan
Jildou* se man het ŉ dwelmverslaafde geword en dring daarop aan dat Jildou haar geloof prysgee. Bid vir krag en beskerming vir Jildou en dat haar man ŉ volgeling van Christus sal word.

### 15 Viëtnam
Lonh*, sy vrou en vier kinders het in 2021 besluit om Jesus te volg, wat veroorsaak het dat die dorpenaars hulle vervolg. Hulle is nou uitgeworpenes, maar kan hul geloof vrylik beoefen. Bid vir God se voortdurende beskerming en voorsiening vir Lonh en sy familie.

### 16 Indonesië
Indonesië bestaan uit verskeie eilande, wat dit moeilik maak om Christelike materiaal te versprei, veral in afgeleë gebiede. Bid dat God die beste vragdienste sal voorsien om materiaal veilig by gelowiges af te lewer, en vir die beskerming van ons plaaslike vennote.

### 17 China
China beperk die toegang van oorsese sakelui, studente en onderwysers, veral diegene wat daarvan verdink word dat hulle deel is van sendingorganisasies. Bid vir die Heilige Gees se leiding en toerusting om enige vorm van verdrukking te hanteer.

### 18 Mianmar
Bid vir die herstel van vrede, ŉ goeie regering en dat die gevegte in Mianmar sal stop. Bid ook vir die beskerming van gelowiges te midde van die huidige situasie.

### 19 Tunisië
Amir* is baie bang om ŉ kerkbyeenkoms by te woon, omdat hy bekommerd is dat iemand hom sal herken as ŉ gelowige tussen die mense rondom hom. Bid vir wysheid en beskerming vir Amir.

### 20 Libië
Gelowiges vanuit Afrika verduur dubbele swaarkry in Libië – vir hul geloof en hul etnisiteit. Hulle is kwesbaar vir die wreedaardige geweld, terwyl dit voorkom of die owerhede nie beheer oor militante en ekstremiste het nie. Bid vir hul beskerming.

### 21 Suidelike Filippyne
Sheila het die basiese wiskunde wat sy geleer is in die geletterdheidsklasse, wat deur Geopende Deure aangebied is, gebruik om haar eie onderneming te begin. Bid dat meer studente dit wat hulle leer sal kan toepas om hul lewens te verbeter.

### 22 Sentraal-Asië
Zjura* is ŉ evangelis wat sy geloof baie openlik met ander deel en is alombekend

vir sy opvallende vrae oor die lewe en God. Dank God vir Zjura se bediening as ŉ evangelis. Bid vir sy beskerming terwyl hy reis om die Evangelie te verkondig.

### 23 Noord-Korea

Chul-min* is een van die geheime Christene in Noord-Korea wat versigtig vashou aan sy geloof in Jesus Christus. Bid dat God sal voorsien in die behoeftes van Chul-min en sy mede-Christene, waar hulle swaarkry.

### 24 Indië

Bid vir Christene wat ontwortel is weens hul geloof, veral diegene wat in afgeleë gebiede woon. Vra dat God in hul behoeftes sal voorsien en die gemeenskappe wat hulle verwerp het se harte sal verander.

### 25 Kenia

Ellah* het in ŉ Moslem-familie grootgeword en het met ŉ Moslem-man getrou. Toe sy tot bekering kom, het haar man gewelddadig geword. Bid vir Ellah se beskerming terwyl sy steeds die risiko neem om kerk toe te gaan, afgesien van haar man se opdrag om nie te gaan nie.

### 26 Bhoetan

Bid vir die veiligheid van Christene wat in afgeleë dorpe bly. Wilde diere soos wildehonde, olifante en bere het verskeie mense in dié dorpe onlangs aangeval.

### 27 Burkina Faso

"Bid vir die genesing van pyn en vrees. Soms as ons iemand hoor huil, herinner dit ons aan iemand wat gesien het hoe ŉ geliefde vermoor word en dis geweldig spanningsvol," vertel pastoor Pengdwende.

### 28 Sentraal-Afrikaanse Republiek

Bid vir die Here se voorsiening aan Sy kinders in die toenemende humanitêre krisis. Bid dat Christene maniere sal kry om ten spyte van die krisis ŉ inkomste te genereer en dat hulle na hulself en hul naastes sal kan omsien.

### 29 Comore

Die wetgewing bepaal dat Islam die staatsgeloof is en dit beïnvloed elke aspek van die lewe. Daarom verduur Christene diskriminasie en marginalisering van beide die samelewing en hul families. Bid dat die klein Christelike gemeenskap afgesien hiervan sal bly groei.

### 30 Iran

Christen-bekeerlinge word voortdurend hof toe gesleep weens hul geloof. Bid vir ŉ verandering in Iran, sodat Christene hul geloof vrylik kan beoefen en dat diegene wat in die tronk is weens geloofsmisdade vrygelaat sal word.

### 31 Libanon

ŉ Libanese Christen het gesê: "As ons vandag na God uitroep vir die Libanese, moet ons onthou dat elkeen die angswekkende taak het om te oorleef in ŉ tyd van skaarsheid, waar hulle geroep word om mekaar se laste te dra!" Versterk asseblief hierdie gelowiges in gebed.

Geopende Deure   Vervolg Maar nooit alleen.

*Verteenwoordigende foto's is gebruik en name is vir sekuriteitsredes verander. Alle inligting was teen druktyd korrek.